# DR PIET MEYER IN JOHANNESBURG, 1936—1984*

**Dioné Prinsloo**
*Universiteit van Suid-Afrika*

*SUMMARY*

Dr Piet Meyer in Johannesburg, 1936-1984

Dr P.J. Meyer (1909– 1984) had a notable influence on the development of Afrikaner ideology and was deeply involved in the organized cultural life of the Afrikaner. Some of the considerable number of fields in which he played a leading role are discussed in this article. Use was made of his own published and unpublished work to give an overview of his contribution to Afrikaner-organisation at a time when the Afrikaner was still trying to find a foothold in the city after the Second Trek, that from rural to urban life.

After his university studies in Bloemfontein and the Netherlands Meyer returned to South Africa in 1936. He accepted a combined post as assistant secretary of the FAK (the Federation of Afrikaner cultural organizations) and assistant secretary of the AB (Afrikaner Broederbond), a secret society to promote Afrikaner cultural interests. He had become a member of the AB in 1931 and he was Chairman of the movement from 1960– 1972.

Meyer was a philosopher with a strong Calvinistic outlook. He believed in the role of the Afrikaner in Africa as a part of God's devine plan.

He worked very closely with Dr Albert Hertzog to ensure that the Afrikaner mineworkers find a place in the trade union movement of the 1930's. He took a very strong stand against communism and became the Chairman of Antikom (the Anti-Communistic Action Committee).

As a result of his ties with the AB, Meyer worked intimately with Afrikaner intellectual leaders. He was one of the organizers of the meeting of 9 September 1939 which attempted to heal the breach between Genl. Hertzog and Dr Malan. Their differences proved to be too pronounced and as secretary of the Eenheidskomitee of the AB, Meyer was involved during the war years with other efforts to bring the divided Afrikaners together, but met with little success. During this time a concept constitution was also drawn up for a future republic. The republic became a reality in 1961.

In 1943 Meyer started a publishing business which was later incorporated with others to become the Sunday newspaper, *Dagbreek*. From 1951 to 1959 Meyer was the head of public relations of the Rembrandt group, and he became more involved with the organized cultural life of the Afrikaner. These were the planning years for the Goudstadse Onderwyskollege (an Afrikaans teachers training college in Johannesburg) and the Randse Afrikaanse Universiteit (an Afrikaans university in Johannesburg). Both these projects materialized in the 1960's.

---

*Die artikel is op versoek van die vorige hoofredakteur van *Historia* geskryf met die oog op die eeufeesherdenking van Johannesburg in 1986.

> In 1959 Meyer became the Chairman of the Board of Governors of the South African Broadcasting Corporation (SABC) and he remained in this post until 1981. During his years at the SABC both the FM-network and SA-TV were established, and he took a leading role in these projects.

In 'n radiopraatjie wat op 15 Julie 1984 uitgesaai is ter huldiging van Piet Meyer het verskeie van sy tydgenote, kollegas en vriende aan verskillende fasette van hierdie Afrikaner-kultuurleier aandag geskenk. Opvallend was die wye aantal terreine waar hy gedurende sy lewensloop invloed uitgeoefen het. 'n Deurtastende studie sal waarskynlik op 'n latere stadium hieroor onderneem word, maar wanneer slegs gelet word op wat hy in Johannesburg vermag het, is dit insiggewend hoe selfs die fisiese aansien van Johannesburg deur sy ywer en deursettingsvermoë verander is. In 'n televisieprogram op 13 Julie 1984 is getoon hoe Johannesburg uit die lug lyk met die drie komplekse waarvoor hy hom veral beywer het, naamlik die Goudstadse Onderwyskollege, die SAUK-sentrum en die RAU.

Piet Meyer is op 22 Januarie 1909 in die distrik Ladybrand, in die Oranje-Vrystaat gebore. Sy vader, Izak Andries Meyer, was 'n boer wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 – 1902 as krygsgevangene na Ceylon (Sri Lanka) gestuur is. Die invloed van hierdie gebeure en die vertellings van sy vader het reeds vroeg 'n deurslaggewende invloed op die seun gehad. Na sy hoërskooldae op Ladybrand is Piet Meyer na die Universiteitskollege Grey te Bloemfontein (UKOVS) waar hy in 1929 'n B.A.-graad behaal het met Afrikaans, Sielkunde en Etiek as hoofvakke. In 1930 behaal hy 'n Hoër Onderwys Diploma; in 1931 M.A. Wysbegeerte; M.Ed. (skriftelike gedeelte) in 1932; M.A. Sielkunde in 1934; Drs. Phil et Litt Amsterdam in 1935 in Wysbegeerte, met Opvoedkunde en Sielkunde as byvakke; en in 1937 D.Phil aan UNISA. Hierdie opleidingsjare sou van hom 'n ewige student maak en deur sy hele lewe het hy ten spyte van 'n baie bedrywige werkprogram en betrokkenheid by die georganiseerde Afrikaner-kultuurlewe met vakliteratuur op die hoogte gebly. Nog in die laaste maande voor sy dood het hy as eksterne eksaminator vir 'n doktorale proefskrif in Wysbegeerte opgetree. Hy het 'n hele aantal wysgerige en kultuurhistoriese boeke en studies geskryf soos *Die Afrikaner* (1940), 'n ideaal-tipiese ontleding van die Afrikaanse volkspersoonlikheid; *Tussen Iets en Niks: 'n Inleiding tot die Eksistensialisme (1951); Nog nie die einde nie (1954),* wat 'n ontleding is van die verhouding van die Afrikaner en Wes-Europa; *Trek Verder – Die Afrikaner in Afrika* (1958) waarin die Wes-Europese erfenis van die Afrikaner behandel word; en *Nog nie ver genoeg nie – 'n persoonlike rekenskap van vyftig jaar georganiseerde Afrikanerskap* (1984). Ook het hy talle brosjures, hoofstukke in ander werke, voorleggings en dies meer die lig laat sien.

As gevolg van 'n gebrek aan finansies het Piet Meyer besef dat hy nie in Amsterdam sou kon aanbly om sy studies te voltooi nie en is hy in 1936 na Johannesburg om die pos van hulpsekretaris van die Afrikaner-Broederbond (AB) en hulpsekretaris van die Federasie van Afrikaanse Kultuurorganisasies (FAK) te beklee. Vanaf 1937 tot 1943 was hy die hoofsekretaris van die FAK. Piet Meyer se verbinteenis met die AB dateer uit die dae toe hy op Harrismith skoolgehou het (1931) en daar lid nommer 787 van die AB, wat reeds in 1918 gestig is, geword het. As Afrikaanse Studentebond (ASB)-verteenwoordiger het Meyer in 1929 die stigtingskongres van die FAK meegemaak en was hy dus goed bekend met beide organisasies waarby hy nou in die diens getree het.[1]

---

Bronne vir die voorafgaande in privaatbesit van mev. I. Meyer.

Die hele skema van 'n omvattende Afrikaner-kultuurorganisasie was volgens Meyer gebaseer op 'n kultuurfilosofiese benadering waaraan hy sedert sy studiejare in Holland gewerk het en wat spesifiek onder die invloed van die Calvinistiese wysgerige denke gestaan het. Soos hy dit gestel het: "Hiervolgens is die ganse volkslewe onderworpe aan die soewereiniteit van God-Drie-enig, en is die mens-in-gemeenskap geskape na Sy beeld. Alles wat ons dink, doen en voel moet rekening hou met die voorskrifte van die Woord van God. Kultuur is die produk van die mens se geestelike herskepping van sy lewe volgens sy besondere geloofsinstelling. Geloof is nie 'n onderafdeling van kultuur nie, maar wel die vorms van aanbidding wat die mens op grond van sy geloof vir homself skep: kerkdrag, vorm van byeenkoms, ens."[2]

Die kern van die FAK se kultuurbeskouing was volgens Meyer op die immervernuwende gerig, sodat daar nie verstarring sou plaasvind nie en elke geslag opnuut sy kultuur sou verwerf. In die kultuurbegrip van die dertigerjare het hy 'n verdieping waargeneem wat saamgehang het met die groeiende Westerse nasionalismes van daardie jare en dit het vir hom uitdrukking gevind in nasieskap.

Een van die groot probleme van die Afrikaner in die dertigerjare, veral aan die Rand, was om na die sogenaamde Tweede Trek van die Afrikaner, wat die trek van die platteland na die stad was, sy voete te vind in 'n omgewing waar hy vreemd was en bedreig gevoel het.[3] Intellektuele koers is deur van die Potchefstroomse geleerdes gegee. Dan O'Meara skryf die "ideological redefinition" van Afrikaner-nasionalisme toe aan die leiding wat van die vier "celebrated doctors", drs. N. Diederichs, P.J. Meyer, H.F. Verwoerd en A. Hertzog, wat in die vroeg dertigerjare van hulle studies oorsee teruggekeer het, uitgegaan het.[4]

As gevolg van die noue skakeling tussen die AB en die FAK was dr. Albert Hertzog bewus van Meyer en het hy hom genooi om nader te kom kennis maak. Dr. Hertzog was nóú gemoeid met die stryd van die Afrikanerwerker om in die vakbondwese 'n plek te bekom. Die Nasionale Raad van Trustees is in Oktober 1936 vir die doel gestig. Meyer was 'n aktiewe medewerker in hierdie strewe. Saam met 'n paar ander jong Afrikaners sou hulle 'n beslissende rol speel om die Afrikanerwerker stewig aan die res van die Afrikanervolk te koppel. Reeds op 24 November 1936 is die Afrikanerbond van Mynwerkers te Krugersdorp onder leiding van dr. Hertzog, dr. Meyer en mnr. Faas de Wet gestig. Huisvergaderings vir die mynwerkers is op gereelde grondslag deur hulle toegespreek.[5]

Hierdie vergaderings is nodig geag want die vakbonde het onder leiding van Britse vakbondmanne geleentheid geskep vir indringing deur kommunistiese vakbondleiers. Die FAK was ook verontrus dat die mynwerkers en die klerewerksterbedryf al hoe meer vir die Afrikanersaak verlore raak en het daarom daadwerklik opgetree. In 1938 het die FAK 'n Ekonomiese Komitee aangestel om voorbereidings te tref vir 'n Volkskongres in 1939 met as tema "Die toekoms van die Afrikaner", met die klem

2. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie — 'n Persoonlike rekenskap van vyftig jaar georganiseerde Afrikanerskap* (Perskor, 1984), p. 15. In dié artikel is deurgaans van die ongepubliseerde volledige manuskrip van die boek gebruik gemaak, maar word na die plekke in die gepubliseerde boek verwys waar moontlik.

3. I. Meyer-privaatversameling: Afrikaner-Broederbond notule ter herdenking van die 25-jarige bestaan van die AB, 1943.

4. Dan O'Meara, *Volkskapitalisme. Class, Capital and Ideology in the development of Afrikaner Nationalism, 1934—1948,* (Ravan Press, 1983), p. 64.

5. Louis Naude, *Dr. A. Hertzog, die Nasionale Party en die Mynwerkers,* (Potchefstroom, 1969), pp. 10, 27 en 32.

veral op ekonomiese gebied. Meyer was uit die aard van sy werk direk hiermee gemoeid en het 'n persverklaring opgestel waarin die hoop uitgespreek is dat waar 1938 bekend staan as die jaar van geesdriftige en saambindende volksfeeste (na aanleiding van die herdenking van die Ossewatrek), 1939 bekend sou staan as "die jaar van 'n selfreddende volksdaad" van die Afrikaner ten opsigte van sy ekonomiese selfstandigheid.

Daar is onmiddellik begin met die beplanning van 'n grondiguitgewerkte selfreddingskema. Dit moes nie 'n liefdadigheidsplan wees nie, maar 'n skema om die koop- en kapitaalkrag van die Afrikaner produktief in eie belang te mobiliseer. By 'n driedaagse kongres in Bloemfontein was daar 757 afgevaardigdes wat besin het oor die probleem van die verarmde Afrikanerdom en dit het aanleiding gegee tot die stigting van die Reddingsdaadbond (RDB) op 8 Desember 1939. In 1945 het die organisasie uit 70 000 lede bestaan. Die Afrikaanse Handelsinstituut het geleidelik die vernaamste take van die RDB op hom geneem en die RDB het homself in 1957 ontbind.[6]

Die Ekonomiese Instituut is by dieselfde kongres gestig (1939) en Piet Meyer was die sekretaris van die Instituut, en ook van die dagbestuur, tot in 1943. In die Ekonomiese Instituut is AB-intellektueles en Afrikanersakemanne saamgetrek om die rigting van die ekonomiese beweging te help bepaal.[7]

'n Ander saak wat tydens Meyer se dienstermyn as hoofsekretaris van die FAK aandag gekry het, was die stryd om moedertaal-onderwys op veral sekondêre en tersiêre vlak. Hy het in 1939 die FAK se Volkskongres oor Onderwys en Opvoeding gereël en die Boere-Hulpfonds in 1940 van stapel gestuur.[8] Sy belangstelling in die onderwys, soos reeds deur sy studie in opvoedkunde getoon is, het in Johannesburg verder gestalte gekry. Piet Meyer het die verafrikaansing van die Universiteit van Pretoria as een van die grootste en belangrikste kultuur-gebeure van die Afrikanervolk gesien en hy was regstreeks gemoeid met die stigting van die Mediese Fakulteit aan UP. Afrikaanse studente sou nou in hulle eie taal kon studeer.[9] Sy boek *Moedertaal en Tweetaligheid* was 'n uitgawe van die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings, onder redaksie van prof. H.G. Stoker in 1945. Meyer het aan die begin van 1943 bedank as sekretaris van die FAK (nadat hy onder druk geplaas was om dit te doen, veral ook deur dr. H.F. Verwoerd wat gevoel het dat daar te veel invloed uit die oorvleueling van sy verskillende poste gespruit het en dat dit die OB (Ossewa-Brandwag) kon bevoordeel.[10] Hy het egter aangebly as hulpsekretaris van die AB.

In hierdie tyd (1943) het Meyer met 'n eie uitgewery begin, Lesers en Skrywers Boek- en Kunssentrum (L en S), maar van hierdie poging het nie veel gekom nie. Die oorlogstydse papierskaarste was 'n bydraende faktor tot die mislukking hiervan. Jan Hurter, leidinggewende Afrikaner-ekonoom het in 'n huldigingspraatjie oor Piet Meyer gesê dat hy nie aardse skatte bymekaar gemaak het nie, en waarskynlik ook nie *kon* nie! Dr. Hurter het bygevoeg dat Meyer se nalatenskap eerder geleë was in sy voorbeeld van *hoe* om vir jou mense te stry.[11]

Hierdie stryd om die eie het hy gedurende die oorlogsjare voortgesit deur as hoof

---

6. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 16 en 17; F.A.K., *Afrikaanse kultuuralmanak* (Perskor, 1980), p. 353.
7. Dan O'Meara, *Volkskapitalisme*, P. 135.
8. F.A.K. *Kultuuralmanak*, P. 353.
9. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg*, pp. 20—21.

P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 40—41. Meer besonderhede is beskikbaar in die manuskrip wat by die RAU is.

Jan Hurter, Radiopraatjie, 15 Julie 1984.

op te tree van die Ossewa-Brandwag se *Arbeidslaers*, waardeur noue kontak met veral die stedelike werker behou is en op die bedreiging van kommunisme gelet is. Dit is ironies dat die brosjure wat Meyer in 1944 geskryf het, *Stryd om die Afrikanerwerker*, adv. Eric Louw bedenkings laat koester het dat Meyer dalk kommunistiese neigings toon.[12] Meyer het kommunisme veral teengestaan as gevolg van die kommunistiese doelstelling om "blanke en nie-blanke werkers tot 'n gemeenskaplike proletariaat, een werkersklas, saam te snoer".[13] Volgens T. Dunbar Moodie het die verdeelde Afrikanerdom na die oorlog juis in hul teenstand teen kommunisme 'n mate van eenheid bereik.[14]

In 1948 is kommunisme deur wetgewing onwettig verklaar en die drie Afrikaanse kerke het gesamentlik 'n Anti-Kommunistiese Aksiekomitee (Antikom) gestig. Dr. Nic Diederichs was die eerste voorsitter en Piet Meyer het hom as voorsitter opgevolg. Deur middel van simposiums en studiestukke is die gevaar van kommunisme landswyd verkondig. Meyer het self heelwat lesings hieroor gehou en 'n brosjure, *Die hand van Moskou in Suid-Afrika*, geskryf, waarin die geskiedenis van die Kommunistiese Party van sy beginstadium af behandel is en dit is in 1954 deur Antikom uitgegee. Hy het bedank as voorsitter van Antikom toe hy in 1959 voorsitter van die SAUK geword het en is opgevolg deur Schalk Botha, die "vader" van die Wes-Duitse wesies. In 1964 is 'n reuse Volkskongres oor Kommunisme in Pretoria belê en die belangrikste besluit was om die Nasionale Raad vir die bestryding van Kommunisme tot stand te bring.[15]

Volgens T. Dunbar Moodie was Piet Meyer se invloed op die ideologiese koers van die FAK onmiddellik na sy aanstelling in 1936 waarneembaar.[16] Die invloed wat hy en die AB wedersyds op mekaar se denke uitgeoefen het, is moeilik bepaalbaar, maar dit was vir Meyer 'n verrykende ervaring om met die intellektueel-begaafde Afrikaners van die dertigerjare soos L.J. (Wicus) du Plessis, Joon van Rooy, Hendrik Verwoerd en andere nou saam te werk.[17]

Een van die groot take wat Meyer as hulpsekretaris van die AB onderneem het, was om saam met die sekretaris, I.M. Lombard, die saamtrek by Monumentkoppie op 9 September 1939 te reël. Op baie kort kennisgewing moes die AB die reëlings tref om die geleentheid te skep vir genl. J.B.M. Hertzog en dr. D.F. Malan om mekaar die hand te reik in 'n poging om die verdeelde Afrikanerdom te herenig.[18]

Na die byeenkoms by Monumentkoppie het die Uitvoerende Raad (UR) van die AB 'n eie beleidskomitee saamgestel, wat later as die Eenheidskomitee opgetree het en gepoog het om die Afrikanerleiers met mekaar te laat beraadslaag sodat daar meer eenheidsoptrede in die toekoms kon wees. Uit die notules wat Piet Meyer as sekretaris van die komitee opgestel het, blyk egter hoe groot die verdeeldheid onder Afrikaners was en die mislukking van velerlei versoeningspogings.;[19]

Die Eenheidskomitee het hom ook besig gehou met die opstel van 'n konsepgrondwet vir die toekomstige republiek van Suid-Afrika. Piet Meyer was ook by die projek as sekretaris betrokke, maar nadat die OB (wat ook op die Eenheidskomitee

---

12. T. Dunbar Moodie, *The rise of Afrikaner Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil religion* (University of California Press, 1975), p. 232.
13. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 22.
14. T. Dunbar Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 256.
15. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 22–25.
16. T. Dunbar Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 169.
17. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 28–31.
18. *Ibid.*, pp. 31–35. *F.A.K. Kultuuralmanak*, p. 263, *Die Transvaler*, 7 September 1939.
19. I. Meyer-privaatversameling: Notules van die Dagbestuur van die Eenheidskomitee.

verteenwoordig was) die konsep gepubliseer het as OB omsendbrief 1/41 was die breuk tussen die Herenigde Nasionale Party (HNP) en OB finaal. In 'n laaste poging is op Aliwal-Noord op 22 September 1941 gepoog om dr. Malan van die HNP en dr. Hans van Rensburg van die OB te versoen, maar ook dit het misluk. Meyer was ook by die geleentheid as sekretaris teenwoordig, maar hy is belet om notule te hou en hy het agterna in sy hotelkamer volledig neergeskryf wat by die geleentheid gesê is.[20]

Meyer het deur sy uitgewery betrokke geraak by OB-opdragte. *Publicité* was die handelsreklamediens van L en S en het klein publikasies vir die OB uitgegee en was ook verantwoordelik vir die vervaardiging van die kentekens en reklamemateriaal. Die OB se *Persbeleggings-korporasie* wat veral met die oog op OB-publikasies bestaan het. het doodgekwyn. Die latere persbaas, Marius Jooste, het op dié stadium saam met A.M. van Schoor 'n eie personderneming begin, die pragblad *Fleur*, wat egter ook nie die mas kon opkom nie. In 1946 het Marius Jooste en Piet Meyer gesels oor die moontlikheid om 'n Afrikaanse Sondagkoerant aan te pak deur al die losstaande persondernemings daarby in te lyf. Dit was 'n moeilike saak omdat dit ook 'n beginselbesluit geverg het naamlik om 'n Sondagkoerant uit te gee. Hulle het tog besluit om dit te doen en die *Onafhanklike Pers Beperk* is onder voorsitterskap van prof. L.J. du Plessis gestig. *Fleur* sowel as *Publicité* het hierby ingeskakel en *Dagbreek* is as Sondagkoerant uitgegee. Willem van Heerden was die hoofredakteur, Piet Meyer die politieke korrespondent en Dirk Richard die nuusredakteur.[21]

*Dagbreek* het soveel aandag geverg dat Meyer se AB-bedrywighede in dié tyd amper tot stilstand gekom het. Eers na 1951, toe hy 'n pos by Anton Rupert se Rembrandt-groep van maatskappye as hoof van openbare betrekkinge aanvaar het, kon Meyer weer aktief by AB-aangeleenthede betrokke raak. Die Rembrandt-jare was volgens sy eie getuienis aangenaam en leersaam; hy het die geleentheid gekry om 'n studie te maak van moderne bemarkingsmetodes en navorsing te doen oor bestuur en finansiering sowel as oor personeelleiding.

Die opleiding van verkooppersoneel was 'n deel van sy opdrag en hy moes, veral in Johannesburg, die welwillendheid van die Afrikaner-gemeenskap teenoor die Rupert-ondernemings help uitbou.[22] Die bydrae wat Rembrandt in die jare tot die opheffing van die Afrikaner gedoen het, kan nie onderskat word nie. Dan O'Meara staan skepties teenoor die opheffingstaak van Rembrandt want Rembrandt was nie 'n liefdadigheidsorganisasie nie.[23] Tog is deur die daarstelling van koshuise vir die Afrikanerdogters in Rembrandt se diens goeie werksomstandighede geskep en 'n positiewe bydrae gelewer tot hierdie dogters se welsyn. Vir Meyer was sy Rembrandttydperk 'n geleentheid tot intellektuele en geestelike vryheid om selfstandig opnuut by die Afrikanersaak besig te wees. Hy het lesings aangebied oor die Afrikaner se posisie op ekonomiese terrein en 'n historiese uiteensetting van die redes vir die Afrikaner se agterstand op ekonomiese gebied gegee. Die klem het verskuif van die "agterstand" na die Afrikaner se plig tot "ondernemerskap" en metodes om sy bestuursvermoë te vergroot.[24]

Hy het die geleentheid om weer toe te tree tot die georganiseerde kultuurlewe

20. *Ibid.*, en P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 38–39. Sien ook A.N. Pelzer, *Die Afrikaner-Broederbond: Eerste vyftig jaar* (Kaapstad, 1979), p. 168.
21. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 42–45.
22. *Ibid.*, pp. 47, 58 en 59.
23. Dan O'Meara, *Volkskapitalisme*, p. 204.
24. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 59 en 52.

van die Afrikaner aangegryp. In 1952 word hy 'n lid van die Uitvoerende Raad (UR) van die AB en hy was vanaf 1960 tot 1972 die Voorsitter van die AB. Deur sy vriendskap met die uitgewer, Hennie Roux, word hy betrek by die Skakelkomitee van Afrikaanse Kultuurverenigings, waarvan hy later voorsitter word. Dié komitee het hom veral beywer vir die stigting van 'n Afrikaanse onderwyskollege en 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand. Vir Meyer was die AB 'n noodsaaklike plek vir deskundige bespreking in 'n kleiner kring, as 'n kernmetode om moeilike sake uit te pluis. Reeds in 1941 was hy direk gemoeid met die republikeinse ideaal soos hy dit dan ook geformuleer het in *Die Afrikaner* wat in die *Tweede Trek-reeks* verskyn het. Oorspronklik was dit as 'n M.Ed-proefskrif bedoel en was dit 'n vroeë poging om die kultuurfilosofiese ideaal-tipiese metode te gebruik om 'n wetenskaplike beeld van "Afrikaners" te verkry. Meyer kom tot die besluit dat "... die inhoud en wese van Afrikanerskap so grondig moontlik bepaal moet word ..." en "Elke geslag moet op dié wyse die geskiedenis van sy volk opnuut skryf."[25] In die boek, *Ons Republiek,* wat ook in die *Tweede Trek*-reeks verskyn het, het Meyer, dr. Albert Coetzee en dr. N. Diederichs breedvoerig uiteengesit hoe die aard en wese van Afrikaner-denke in die veertigerjare daar uitgesien het. Ook die Volkstaatstelsel is volledig deur Meyer behandel in 'n artikel wat in *Wapenskou,* die amptelike orgaan van die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS), verskyn het en later in brosjurevorm as *Demokrasie of Volkstaat* uitgegee is. Ook hierin word die volk as 'n organiese gemeenskap getipeer.

In die voorsittersrede vir die AB in 1955 wat hy in sy hoedanigheid as ondervoorsitter gelewer het, het hy die vier fases van die AB vanaf 1918 tot 1955 bespreek. Die oorwegende strewe van die Afrikaner in die vyftigerjare was die vervanging van die Unie deur 'n republiek en volgens Meyer het die volksdrang van "nou of nooit" binne die AB ook gemaak dat "Afrikanerkultuur Afrikanerpolitiek geword het, onafskeibaar van mekaar". Tog het Meyer op die AB se Bondsraad van 1954 'n onderskeid gemaak tussen politiek en staatkunde. Volgens hom moes die AB nie die taak van 'n politieke party op hom neem nie of hom met die interne sake van 'n politieke party bemoei nie. Die AB was egter beslis die draer van 'n bepaalde staatsbeskouing en die AB-lede moes hierdie beskouing in hul hoedanigheid as lede van verskillende openbare liggame die volkslewe indra.[26]

Piet Meyer was as onder-voorsitter van die Dagbestuur van die UR die hoof van die afvaardiging van die AB wat in 1959 met dr. Verwoerd samesprekings gevoer het oor die AB se aandeel in die verkryging van 'n republiek. In geheimhouding is die Bondsraad op 3 en 4 Desember 1959 in Johannesburg ingelig dat die Republiek voorlopig binne die Statebond sou wees. Op hierdie stadium het die Volksraad nog nie geweet dat Verwoerd 'n referendum oor 'n moontlike republiek sou uitskryf nie. Die AB het sy eie werkterrein afgebaken. Die taak van elke AB-lid was om sy eie familie-en vriendekring ten gunste van 'n republiek te motiveer en positief in die strewe te betrek. Die UR het 'n aansienlike bedrag vir propaganda bewillig. Verwoerd het Meyer gevra of dié tyd nie aangebreek het dat die AB sy vertroulike karakter moes prysgee en openlik as 'n openbare kultuurliggaam moes funksioneer nie. Daar is egter daarteen besluit as gevolg van ander projekte wat deur bekendmaking vernietig sou word.[27]

In 1959 het die groot feesvierings ter herdenking van die "Wonder van Afrikaans" by die Voortrekkermonument hul hoogtepunt bereik. Piet Meyer het

25. *Ibid.,* p. 49.
26. I. Meyer-privaatversameling.
27. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie,* p. 75

namens die FAK as seremoniemeester by hierdie geleentheid wat deur 60 000 mense bygewoon is, opgetree. Hy was van die begin af aktief by die reëlings betrokke.[28]

In die Europese winter van 1952/53 het Meyer en sy vrou 'n reis na Europa onderneem. Daar het hy onder meer kontak gemaak met die filosoof, Heidegger, in Freiburg, en per brief met Arnold Toynbee, die Britse historikus. Laasgenoemde het op 'n vraag van Meyer geantwoord dat die grootste uitdaging vir die Afrikaner in die toekoms in die rasseverhoudings geleë was: "Now, in South Africa, the accident of history has put the native, Coloured and white people of the country into this difficult situation at an early date: so history – or God – has given you the hard but honourable mission of being the spiritual pioneers in trying to find the solution of a spiritual problem that is soon going to face the rest of the human race as well."[29] Meyer het betrokke gebly by Europa en hy was voorsitter van die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI). As bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (SABRA) het hy hom beywer vir die praktiese naasbestaan van blank en nie-blank in Suid-Afrika.

Teen die einde van 1958 het dr. Albert Hertzog, toe Minister van Pos- en Telegraafwese, Meyer gepols oor 'n moontlike aanstelling as lid van die SAUK-Raad wanneer dr. S.H. Pellissier se dienstermyn verstryk het. Meyer was bereid, maar slegs as die voorstel van dr. Verwoerd sou kom. Dit het gebeur en hy is op 1 Julie 1959 as lid van die SAUK-Raad benoem en 'n maand later as Voorsitter van die Raad, 'n pos wat hy beklee het tot met sy aftrede in 1981. Daar was heelwat teenkanting teen sy aanstelling en dit het voortgeduur deur sy hele ampstermyn. Die *Sunday Express* het op 19 Februarie 1961 berig "SABC chief is new Broederbond leader ... this means that the only man with more power than Dr Meyer in the Union today is Dr Verwoerd." Hy was voortdurend die skyf van spotprenttekenaars. Hy het hom nooit verplig geag om op aantygings en aanvalle van koerantskrywers te reageer nie want hy het hulle as gekose leiers van die gemeenskap gesien wat verantwoordelikheid moes dra vir hulle uitsprake.[30]

Toe Piet Meyer op 1 Augustus 1959 voltydse voorsitter van die SAUK geword het, het die SAUK oor drie volledige landswye dienste en 'n betreklik klein Afrika-diens beskik. Met sy aftrede twintig jaar later het die SAUK se programme toegeneem van uitsendings vir 350 uur per week tot 1 050 per week en het 'n netwerk van 127 senders en sub-stasies die RSA bedien. Televisie was ook reeds ingestel en goed op dreef. Hierdie veranderinge het nie oornag plaasgevind nie, en die verloop daarvan kan kortliks as volg geskets word:

Tydens 'n studiebesoek gedurende Junie en Julie 1961 het Meyer in 18 wêreldstede 78 onderhoude met 187 leiers en deskundiges op die gebied van radio en televisie gevoer. Hy het "afsonderlike ontwikkeling in 'n positiewe gedaante" daarin gesien dat die SAUK deur gelyktydige dienste in die verskillende groepe se eie tale diens gelewer het. Op Kersdag 1961 is die eerste FM-dienste vanaf die Hertzog-toring in Brixton in Afrikaans, Engels, Suid-Sotho en Zoeloe uitgesaai. Op 1 Junie 1962 is ook in Tswana en Noord-Sotho uitgesaai en op 1 Januarie 1963 vanaf Durban ook in Zoeloe. Hierna volg die Xhosa-diens vanaf Grahamstad op 1 Junie 1963. Op 1 Februarie 1965 is begin met die uitsendings in Venda en Tsonga. Die SAUK het ook dienste na SWA uitgesaai.

---

28. F.A.K. *Kultuuralmanak*, p. 34.
29. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 65. (Oorspronklike handgeskrewe brief in besit van mev. I Meyer.)
30. Gesprek met mev. I. Meyer, 6 Januarie 1986: P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 127 en 139.

In Desember 1969 is begin met die Ovambodienste wat in Kuanyama en Nodonga uitsaai. Ook die Hererodiens en die Damara-Namadienste het 'n aanvang geneem en in Februarie 1976 is die Kavangodiens wat in Kwangali, Mbukushu en Gairiha uitsaai, ingestel.[31]

In 1964 is met die SAUK se buitelandse diens begin. Daar was vroeëre pogings wat nie op die spesifieke mark gerig was nie. Die Afrikadiens is 'n volwaardige buitelandse diens met spesiale programme in Afrikaans, Engels, Frans en Portugees en die diens is in die daaropvolgende jare steeds uitgebou.

Televisie was egter nog 'n onbekendheid en toe die UR (van die AB) se houding teenoor televisie vasgestel is, was dit 'n "voorwaardelike positiewe reaksie."[32] Van regeringskant is besluit om eers 'n goed-gemotiveerde verslag te bekom en Piet Meyer is in Desember 1969 aangewys as die voorsitter van die kommissie van ondersoek. Die verslag is op die reaksie van 125 instansies en persone gebaseer en is in November 1970 aan die staatspresident voorgelê. Meyer het self 'n studie van die televisiedienste van Australië, Japan, die VSA en Kanada gemaak, ook ten opsigte van tegniese aangeleenthede. Daar was geleentheid om eers 'n studie te maak van die sosiale strukture en 'n waardebepaling te gee voor die instelling van die diens. Hierdie ondersoek na die invloed van televisie op 'n gemeenskap is met die medewerking van die RGN onderneem.

Op 27 April 1971 het die eerste minister, adv. John Vorster, in die Volksraad aangekondig dat die regering die instelling van kleurtelevisie in beginsel aanvaar het. Meyer was in 1971 reeds 62 jaar oud maar hy is twee maal na die aftree-ouderdom heraangestel en sy dienstyd het eers op 31 Mei 1981 ten einde geloop.[33] As gevolg van die heraanstellings was dit vir hom moontlik om SA-TV te help instel.

Oud-minister Johan van der Spuy het by Piet Meyer se begrafnis op 14 Julie 1984 gesê dat "hy (Meyer) wat so begenadig was om so baie te ontvang, ook baie gegee het." Voorbeelde hiervan is die oprigting van die Goudstadse Onderwyskollege en die RAU.

Aan die einde van 1956 het mnr. Hennie Roux deur 'n noukeurige opname vasgestel hoe groot die verlies aan potensiële matrikulante by die Randse Afrikaanse hoërskole was en dat skaars die helfte van die matrikulante wel verder studeer het. Reeds in 1955 is 'n onderkomitee van die Skakelkomitee van Afrikaanse Kultuurverenigings byeengeroep om planne te beraam vir die stigting van 'n Afrikaanse onderwyskollege en 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand. Piet Meyer was die voorsitter van die komitee en Hennie Roux die sekretaris. By die eerste vergadering van hierdie komitee is besluit om eers die onderwyskollege tot stand te bring, omdat dit makliker sou wees en gouer sou kon plaasvind as die stigting van 'n universiteit. Die aktiewe steun van Fritz Steyn (LPR) en Piet van Vuuren (LUK) het die stigting van die onderwyskollege vlot laat verloop en die Goudstadse Onderwyskollege (GOK) is in Februarie 1961 geopen met mnr. Awie Müller as die eerste rektor.[34] Piet Meyer was die voorsitter van die Streekkomitee (die beherende liggaam van die GOK) en die komitee het vervolgens stukrag verleen aan die stigting van 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand. Dit het spoedig duidelik geword dat die grootste probleem sou wees om toe-

---

31. *Ibid.*, Pp. 133—134.
32. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 137. ('n Volledige beskrywing van die groei van die radio en televisiewese van die RSA is opgeneem in die ongepubliseerde manuskrip wat by RAU se biblioteek beskikbaar is.)
33. *Ibid.*, pp. 144—152.
34. *Gedenkalbum:* RAU Amptelike opening, 24 Februarie 1968, p. 35.

stemming van die regering te verkry. Die regering se standpunt was dat bestaande universiteite liewer uitgebrei moes word om in die behoefte van die groeiende getal studente te voorsien. In Januarie 1962 is 'n nuwe voorstel van regeringskant gemaak naamlik dat die Universiteit van Suid-Afrika (Meyer was op dié stadium lid van die UNISA-Raad) 'n doserende tak in Johannesburg moes stig. Op 15 Maart 1965 het die RAU-komitee onder voorsitterskap van Meyer in die rektor van die GOK se kantoor byeengekom. Daar is gevind dat daar te veel probleme was ten opsigte van die verskuiwing van UNISA en daarom is na verdere onderhandelinge en briefwisseling met minister Jan de Klerk op 4 Augustus 1965 aangekondig dat UNISA in Pretoria sou bly en die RAU in Johannesburg gestig sou word. Tien jaar van volgehoue stryd is met sukses bekroon.[35]

Die fondsinsameling kon nou van stapel gestuur word, en binne ses maande is die eerste R750 000 ingesamel. Met die res van die fondsinsameling het dit net so voorspoedig verloop. Die trustakte is op 19 Oktober 1965 deur Piet Meyer in sy hoedanigheid as voorsitter van die trust en Pieter Vosloo as sekretaris onderteken namens die Komitee van die te stigte Randse Afrikaanse Universiteit. In 1966 is die wetsontwerp om 'n Afrikaanse universiteit in Johannesburg te stig deur minister Jan de Klerk ingedien.

Piet Meyer was direk betrokke by elke faset van die RAU en het 'n studiestuk van 29 bladsye saamgestel waarin indringend op elke beplanningsfaset van die RAU gelet is. Hy het die historiese agtergrond vir die totstandkoming van die RAU geskets en ook aandag aan die grondslag en karakter van die RAU gegee. Akademiese dienslewering is ontleed en in verband gesien met tendense in Europa en elders. 'n Bespreking is gewy aan die "eenheid en verskeidenheid van die wetenskapbeoefening" waarin sy filosofiese beredenering weer na vore kom. Meyer het op die universiteit as eenheid van organisasie, administrasie en finansiering gekonsentreer en 'n universiteitsdienskaart, en die konkrete inkleding van hierdie dienste, in besonderhede bespreek. Ten slotte is ook op die probleme van 'n nuwe universiteit gelet.[36]

Die stigters van die RAU moes nou 'n geskikte perseel vind. Van die begin af was die RAU-komitee se voorkeurterrein dié in Aucklandpark. Al deel van Aucklandpark wat redelik onbebou was, het aan die Country Club van Johannesburg behoort en die lede was hoofsaaklik Engelse sake- en beroepslui. Toe dit bekend word dat dit dié grond is waarin die Afrikaanse Universiteit sou belangstel, is veral deur die Engelstalige pers hierteen te velde getrek. Op die stadium toe UNISA nog moontlik na Johannesburg sou trek, het die UNISA-Raad aanbeveel dat Bruma, 'n ou rioolplaas aan die ooste van Johannesburg en naby Germiston, aan die universiteit geskenk word. Die RAU-komitee het gedreig om vertoë tot die regering te rig indien dit sou gebeur, en die voorstel het verval.

'n Ander moontlike terrein was die Van Riebeeckpark in Emmarentia, maar die Johannesburgse stadsraad het aanbeveel dat die Aucklandpark-terrein liewer aan die RAU afgestaan moes word. Die SAUK was van sy kant bereid om 'n stuk grond wat met die administrateur, mnr. Fox Odendaal, se steun van die Transvaalse Provinsiale Raad verkry is, in 'n ruilkooptransaksie met die RAU te verhandel vir staatsgrond – wat deur die Weermag en die Polisie in Aucklandpark gebruik is – en wat aan die

35. *Ibid.*, pp. 13, 14 en 36; P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 166. (Die volledige gegewens is beskikbaar in die ongepubliseerde manuskrip by RAU, en dokumente in privaatbesit van mev. I. Meyer, wat dit ter gelegenertyd aan die RAU sal skenk.)

36. Dokumentasie in privaatbesit van mev. I. Meyer.

RAU toegesê was. Deur onteiening het die RAU die Johannesburgse Country Club-terrein bygekry en het die RAU naby die GOK en die SAUK se nuwe uitsaaisentrum verrys.[37] Piet Meyer en sy vrou en kinders het nou nie meer elke beskikbare geleentheid deur Johannesburg en omstreke rondgery om na verskillende terreine te kyk nie ... om dan maar altyd weer die "spin" (Meyer se woord vir die tog) in Aucklandpark af te sluit

Wat die aanstelling van 'n rektor betref, het Meyer aan prof. A.N. Pelzer (historikus en mede-lid van die UR van die AB) in dié verband gedink. Prof. Gerrit Viljoen het ook sterk ter sprake gekom en 'n derde naam wat genoem is, was dié van dr. Ampie Roux van die Raad op Atoomkrag. Minister Jan de Klerk het Meyer self ook in dié verband genader, maar nadat hy ernstige oorweging daaraan geskenk het, het hy die uitdaging om televisie in die RSA te kon instel, as sy volgende taak gesien en die aanbod van die hand gewys. Die Interim-Raad van die RAU het op 7 Desember 1966 vir Meyer as die Voorsitter van die Raad aangewys. Die RAU-komitee het reeds op 14 November 1966 ontbind en het oorgegaan in die RAU-vereniging. Hierdie vereniging van ondersteuners en vriende van die RAU benoem kragtens statuut 'n verteenwoordigter in die Raad van die RAU. Meyer was van die begin, totdat hy Kanselier van die RAU geword het, die verteenwoordiger van die vereniging in die Universiteitsraad en Voorsitter van die Raad. Op dieselfde vergadering is prof. Gerrit Viljoen benoem as rektor van die RAU en hy het op 1 Maart 1967 diens aanvaar. Die eerste opening van die RAU en die amptelike inhuldiging van die eerste Kanselier, dr. N. Diederichs, het op 24 Februarie 1968 plaasgevind.[38]

Piet Meyer was ook met die argitektoniese beplanning van RAU gemoeid en het in 'n toespraak voor die Duits-Afrikaanse studentebond op 1 Mei 1966 die "oop forum"-idee, soos toegepas by die Bochum-universiteit in Duitsland, gepropageer. Die argitekte het dit hiervolgens beplan.

Hy was tot aan die einde van sy lewe intens betrokke by die RAU en dit was vir hom die grootste van alle eerbewyse om Kanselier te kon wees van die RAU. Hy het ere-doktorsgrade ontvang van die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die OVS en die RAU. Erepennings, toekennings en erelidmaatskap van die FAK, die Afrikaner-Broederbond, die Federasie van Junior Rapportryers, die Federasie van Senior Rapportryers, die Voortrekkerbeweging, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Sielkundige Instituut van die Republiek van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede, die Studenteraad van die Universiteit van Pretoria, die Afrikaanse Studentebond, die Studenteraad van RAU, die Abraham Fischer-koshuis van die UOVS, die Belgiese departement van Kultuursake, The Voice of America, ens., is aan hom gemaak. Die Dekorasie vir Voortreflike Diens is postuum aan hom toegeken.

Ten spyte van die besonder bedrywige lewe was hy vir sy vrou en kinders, en later kleinkinders, 'n voortreflike pa en oupa. Die slotboodskap in sy boek oor sy betrokkenheid by die georganiseerde Afrikanerskap kan as sy lewenscredo gesien word: "Vir ons volk het dit nog nooit gegaan om die voortbestaan net ter wille van oorlewing nie, maar om die volbringing van ons goddelike bestemming in Afrika en in die ganse wêreld, 'n kerstenende bestemming tot eer van Sy Naam, en tot beswil van ons medemens."[39]

---

37. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 175—177.
38. P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, pp. 179—181. Verdere dokumente in privaatbesit van mev. I Meyer.
39. *Ibid.*, p. 185.